

28 April

Lukas 15:11 -13 en Psalm 38

(Teks: 15: 13)

Hy het sy geld verkwis deur losbandig te lewe

Jy kon die eerste tree na geloofsekerheid lig opgeneem het: Watter sonde het ek nou eintlik? Of jy kan jou sonde ken. Die tweede tree na geloofsekerheid wil dat jy besef: Hierdie sonde van my bedreig my lewe. Die wete dat jy 'n sondaar is, moet jou ontstel, jou siel pynig. Die VERLORE SEUN het nie besef hy gaan op die pad van sonde nie. Hy leef losbandig. Die woord beteken: Om uit jou hande te laat glip. Efesiërs 5:18 sê drank lei tot losbandigheid. Jy verloor naderhand beheer oor jou lewe. Titus 1:6 waarsku teen losbandigheid by kinders -ek steur my nie aan gesag nie. 1 Petrus 4:3 praat van 'n stroom van losbandigheid. As jy eers meegesleur word, snel jy al vinniger en vinniger na die afgrond. Dit het met die VERLORE SEUN gebeur. Toe sy bande met sy Pa en God eers los geword het, was hy op 'n glybaan - op pad na 'n diepe val.

Ek moet my sonde ken en die gevaar daarvan. Dawid sê in Psalm 38 MY SONDE KWET. MY en in Psalm 55 AS EK MAAR VLERKE SOOS "N DUIF GEHAD HET, SOU EK WEGVLIEG. Dit is wanneer jy die gevolge van sonde ken. Eers as die sweet jou aftap, jou klere papnat maak en angs jou soos 'n kleed omvou, kan jy die volgende tree op die pad gee.

Daarom mag ek weet van Jesus Christus en daarin die grootste rus vind, maar dan moet ek my sonde en die ellende daarvan reg ken. Ek mag nie maar sê: Ek is mos uitverkies! Jy moet te midde van sonde besef: Ek is besig om te sink sodat jy soos Petrus daar op die see roep: HELP, HERE!

Die tweede tree op die pad na geloofsekerheid vra dus: Wees 'n bewuste sondaar - dit is die sug: HERE, WEES MY, SONDAAR, GENADIG!

Sing Psalm 38:4 en 8
(Cullinan)

Ds. L.D. Aucamp